higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 4

(3011024)

3 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

256Q1N2003

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Een van die volgende lande is NIE deel van die ekonomiese blok BRICS nie:

A Chili
B China
C Brasilië
D Rusland



1.1.2 'n Toename in die aantal potensiale kopers veroorsaak dat die …

A vraagkromme na regs verskuif.
B vraagkromme konstant bly.
C aanbodkromme na links verskuif.
D vraagkromme na links verskuif.

1.1.3 Die …funksie beskryf hoe die totale reële bruto binnelandse produk in 'n ekonomie van beskikbare insette afhanklik is.

A totale bestedings-
B totale uitgawe-
C totale inkomste-
D totale produksie-

1.1.4 Invoere is goedere wat …

A aan ander lande verkoop word.
B in ander lande vervaardig word.
C by ander lande gekoop word.
D plaaslik vervaardig word.



1.1.5 Een van die volgende is NIE deel van die doelstellings van belegging nie:



A Veiligheid
B Verbruik
C Groei
D Inkomste

1.1.6 Inflasiekoers is 'n … verskynsel.

A internasionale ekonomiese
B mikro-ekonomiese
C ontwikkelingsekonomiese
D makro-ekonomiese

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Geld in die bank waarmee die onderneming sy verskaffers en ander koste betaal, word die ... genoem.

A kontantinspuiting
B herkapitalisasie
C kontantvloei
D bankwissel

1.1.8 … is die rede vir markmislukking.

A Vraagoorskot/Oormaatvraag
B Negatiewe eksternaliteit
C Disekwilibrium
D Aanbodoorskot/Ooraanbod

1.1.9 Die …metode word NIE gebruik om bruto binnelandse produk te bereken nie.

A uitgawe-
B inkomste-
C beleggings
D produksie-

1.1.10 Die … regering word onder andere deur die Wet op Ontwikkelingsfasilitering, Wet 67 van 1995 gerig.

A streeks-
B nasionale
C provinsiale
D plaaslike

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Verwagtinge is een van die faktore wat verbruikersbesteding beïnvloed.

1.2.2 Lekkasie ontstaan weens 'n afname in sirkulêre vloei van inkomste en besteding.

1.2.3 Weens die ingewikkelde aard van die transaksie moet die uitvoer van goedere deur kundiges hanteer word.

1.2.4 'n Uitvoerder mag nie teen wisselkoersskommelinge verseker nie.

1.2.5 Suid-Afrika voer arbeidsintensiewe goedere na eerstewêreldlande uit.

1.2.6 Entrepreneurskap is die noodsaaklike hulpbron vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 Wetgewing oor plaaslike ekonomiese ontwikkeling is nie so belangrik nie omdat die Wet op Finansiële Bestuur lei munisipaliteite in die opsig.

1.2.8 Sonder doeltreffende plaaslike ekonomiese ontwikkeling sal armoede 'n probleem in Suid-Afrika bly.

1.2.9 Plaaslike mense hoef nie vertroud te wees met alle wetgewing oor plaaslike ekonomiese ontwikkeling nie, aangesien dit prokureurs se plig is.

1.2.10 Munisipaliteite moet verseker dat hulle vir sakemense voorsiening maak, aangesien hierdie mense plaaslike ekonomiese ontwikkeling moontlik maak.

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 2

2.1 Definieer elk van die volgende konsepte:

2.1.1 Fiskale beleid

2.1.2 Begroting

(2 × 2) (4)

2.2 Skryf die volgende afkortings volledig uit:

2.2.1 BBP

2.2.2 BNP

2.2.3 PEO

(3 × 1) (3)

2.3 Noem VIER meganismes en instrumente van monetêre beleid. (4)

2.4 Beskryf VIER ekonomiese probleme in Suid-Afrika. (4)

2.5 Dui aan of die volgende stellings verwys na die INVLOEI of UITVLOEI van kapitaal te verwys deur slegs 'Invloei' of 'Uitvloei' langs die vraagnommer (2.5.1–2.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.5.1 Toyota South Africa bou 'n monteerfabriek in Duitsland.

2.5.2 Die Suid-Afrikaanse regering stuur studentedokters om in Kuba te studeer.

2.5.3 Suid-Afrikaanse toerismedata toon dat meer as twee miljoen toeriste die land in Desember 2019 besoek het.

Kopiereg voorbehou

2.5.4 Mnr JE Blose, 'n koringboer, verkoop 2 000 ton koring aan die Britse regering.

2.5.5 Die meerderheid van Suid-Afrika se kapitaalgoedere word vanuit Europa aangekoop.

(5 × 1) (5)
[20]


TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B


VRAAG 3

3.1 Bestudeer die grafieke van pryselastisiteit van vraag en beantwoord die vrae wat daarop volg. Let daarop dat een van die vraagkromme steiler as die ander een is.

GRAFIEK A: Eenheidselastisiteitsvraag



GRAFIEK B: Elastisiteitsvraag



3.1.1 Definieer die konsep *pryselastisiteit van vraag*. (2)

3.1.2 Verduidelik die uitwerkings van Grafiek A en Grafiek B hier bo. (4)

3.1.3 Gee TWEE voorbeelde van goedere wat deur Grafie B voorgestel word. (2)

3.1.4 Noem VYF faktore wat vraagelastisiteit kan beïnvloed. (5)

3.1.5 Bereken die pryselastisiteit van vraag in die volgende situasies. Toon al jou berekeninge.

'n Prysstyging van R20 tot R40, soos getoon in die vraagkromme van Grafiek B, lei tot 'n verlaging in hoeveelheid aangevra van 400 tot 100. (7)

Kopiereg voorbehou

3.2 Verduidelik kortliks DRIE doelstellings van plaaslike regerings. (3 × 2) (6)

3.3 Verduidelik DRIE soorte verbruiksgoedere. (3 × 2) (6)

3.4 Wat kan die ekonomie van Suid-Afrika doen om te verseker dat daar ’n billike verspreiding van inkomste is? (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 4

4.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

HET DIE MARKTE DIE WÊRELDWYE EPIDEMIE ONDERSKAT?

Die Hulpbronne 10-indeks het op grond van die swakker rand en wisselkoers en hoër kommoditeitspryse met 2.4% gestyg. Op die valutamark het die rand Vrydag begin om skerp te versterk nadat dit aanmerklik teen die middel van verlede week gedepresieer het.

Op een stadium het die geldeenheid teen R15.12/$ verhandel, maar dit het baie sterker teen die Amerikaanse banknoot beweeg om teen Vrydagmiddag teen R14.95 te verhandel – net 5 sent swakker as die R14.90/$ met afsluiting die vorige Vrydag. Die rand het verlede week op R19.39 sterker teen die pond geëindig as die R19.43 ’n week gelede. Teen die euro het die rand ook hoofsaaklik sydelings verhandel, en het met 9c gedaal om Vrydag op R16.2 af te sluit.

[Bron: *https: //www.iol.co.za/business-report/,* 24 Februarie 2020]

4.1.1 Verduidelik die term *wisselkoers.* (2)

4.1.2 Wie beheer die wisselkoers? (1)

4.1.3 Gegewe dat die wisselkoers R19.39 teenoor die Britse pond is:

Bereken die nuwe wisselkoers as die rand met 0.85% depresieer. Toon al jou berekeninge. (4)

4.1.4 Wat sal die nuwe wisselkoers wees as die rand verder met 1% teen die dollar appresieer? Toon al jou berekeninge. (4)

4.1.5 Wat sal die nuwe wisselkoers wees as die rand met 0.5% teen die euro appresieer? Toon al jou berekeninge. (4)

4.2 Noem die TWEE vernaamste bronne van finansiering. (2)

4.3 Noem DRIE belangrike soorte risiko’s van buitelandse valuta. (3)

4.4 Noem VIER partye wat met invoer- of uitvoerfaktorering geassosieer word. (4)

4.5 Noem VIER verskillende deelnemers aan die ekonomiese kringloop. (4)

4.6 Verduidelik kortliks VIER soorte versekering wat uitgeneem kan word om risiko verbonde aan internasionale handel te bestuur. (4 × 3) (12)


[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

WYNBEDRYF WAARSKU TEEN INEENSTORTING AS OESTERY, UITVOERE GESTOP WORD



Suid-Afrika se wynbedryf het gewaarsku teen die ineenstorting van die bedryf as die regering dit nie toelaat om tydens die 21 dag- nasionale inperking voort te gaan om te oes en uit te voer nie. Foto: Reuters

President Cyril Ramaphosa het Maandag die 21 dag-inperking afgekondig as 'n maatreël om die verspreiding van die koronavirus te beperk.

Suid-Afrika se wynbedryf het gewaarsku dat die bedryf ineen kan stort as die regering dit nie toelaat om voort te gaan om gedurende die 21 dag-inperking te oes en uit te voer nie.

In die regulasies is slegs kosprodukte, insluitende nie-alkoholiese drankies, as noodsaaklike goedere geklassifiseer, en die verhandeling en vervaardiging van alkoholiese produkte moet tydens die inperking gestaak word.

Die bedryf het gister gesprekke met verskeie staatsdepartemente gevoer om die inperkingsregulasies, wat daartoe sal lei dat kelders sluit en wynuitvoere verbied word, om te keer. 'Dit is 'n uiters belangrike aspek vir huidige en toekomstige ekonomiese volhoubaarheid en sosio-ekonomiese stabiliteit', sê Basson.

Die wynbedryf bied werk aan ongeveer 290 000 mense en voer gemiddeld tussen 420 miljoen en 450 miljoen ℓ per jaar uit.

'Die feit is dat as ons nie uitvoer nie, sal daar 'n rimpeleffek in die bedryf wees, en party boere kan dalk alles verloor. Die probleem is dat die inperking 21 dae is, en dit kan moontlik verleng word,' sê Calow.

Distell, Afrika se voorste produsent van spiritualieë en wyn, het aangekondig dat hulle gaan begin om handontsmettingsmiddels en ander higiëneprodukte te vervaardig om die verspreiding van die koronavirus in Suid-Afrika te beperk. Hoof- uitvoerende beampte Richard Rushton sê die maatskappy het hom verbind tot verskaffing van 100 000 ℓ alkohol om handontsmettingsmiddels en 'n verskeidenheid ander higiëne- en ontsmettingsprodukte te vervaardig.

'Ons wil hê gemeenskappe moet deur ons teenwoordigheid bevoordeel word en ons is vasbeslote om die uitdaging aan te pak,' sê Rushton.

[Bron: *https://www.iol.co.za/business-report/economy,* 20 Februarie 2020]

5.1 Verduidelik wat die 21 dag- nasionale inperking vir die Suid-Afrikaanse burger beteken het. (2)

5.2 Verduidelik VIER ekonomiese voordele wat die wynbedryf vir Suid-Afrika inhou. (8)

Kopiereg voorbehou

5.3 Gee VIER redes waarom plaaslike ekonomiese ontwikkeling belangrik is. (4)

5.4 Noem die DRIE sosio-ekonomiese aanwysers wat die vlak van ekonomiese ontwikkeling in 'n land meet. (3)

5.5 Beskryf DRIE maniere waarop plaaslike ekonomiese ontwikkelingsinisiatiewe goedere en dienste teen mededingende pryse kan lewer. (3)

5.6 Gee VIER redes vir uitvoerbevordering deur plaaslike besighede soos die wynbedryf. (4)

5.7 Noem VYF dokumente wat die owerhede in Suid-Afrika benodig om goedere na die buiteland uit te voer. (5)

5.8 Noem DRIE faktore wat buitelandse wisselkoerse beïnvloed. (3)

5.9 Bespreek VIER uitdagings wat tot wydverspreide armoede kan lei. (8)
[40]

VRAAG 6

6.1 Wat is die rol van die plaaslike regering in Suid-Afrika? (2)

6.2 Verduidelik die verskil tussen 'n *bevelsekonomie ('command economy')* en 'n *gemengde ekonomie*. (4 × 2) (8)

6.3 Die betalingsbalans bevat twee baie belangrike rekeninge.

6.3.1 In watter rekening van die betalingsbalans word portefeuljebeleggings uit die res van die wêreld opgeteken? (1)

6.3.2 In watter rekening van die betalingsbalans word handelstransaksies opgeteken? (1)

6.4 Verduidelik DRIE maniere waarop ekonomiese groei gemeet word. (6)

6.5 Noem SES dokumente wat 'n uitvoerder aan die uitgiftebank ('issuing bank') moet lewer om 'n kredietbrief te verkry. (6)

6.6 Noem VIER maniere waarop 'n faktoreerhuis sy sakerisiko's kan verminder. (4 × 2) (8)

6.7 Verduidelik kortliks VIER negatiewe gevolge van globalisering in ontwikkelende lande. (4 × 2) (8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou